

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



DESEMBER
2014

Boereontwikkeling word ten toon gestel en erkenning gegee

Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende boere

Lees Binne:

- 05 | Hoe besluit ek watter gewas om te plant?
- 09 | Ontdek grondbedekking
- 10 | Graan SA voer 'n onderhoud met...Samuel Moloi



Hier het ons al die wenners: Lungelwa Kama – Kleinboer van die Jaar, Jannie de Villiers (Hoof Uitvoerende Beamppte: Graan SA), Preline Swart (Ralph se vrou), Ralph Swart – Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar, Victor Mongoato (Vise Voorsitter: Graan SA) en Enoch Khumalo – Bestaansboer van die Jaar.

Gedurende Graan SA se jaarlikse "Dag van Feesviering" het boere wat daarin geslaag het om hul drome te volg ten spyte van alles wat teen hulle gewerk het, die kans gekry om die erkenning wat hulle verdien te ontvang. Die funksie is in Bloemfontein gehou.

Terwyl sy 'n oorsig van die Boere Ontwikkelingsprogram gegee het, het Me Jane McPherson (Bestuurder van die program by Graan SA) dit vergelyk met 'n taxi met 4 663 passasiers (deelnemers aan die program) en 126 stoppunte (studiegroepe). "Gedurende hierdie reis

waarop ons is, beweeg ons van een plek na die ander. Ons kom by 'n bestemming aan en dan moet ons, ons oë op die volgende bestemming sit. In ons program sien ons boere ook as op 'n reis. By die beginpunt van die reis sien ons mense met 'n behoefte aan kennis, 'n behoefté aan strukture en 'n behoefté aan tegniese vaardighede. Vandag vier ons dié wat goed reis langs die pad op pad na hul boerderybestemming," het sy gesê. McPherson het ook beweer dat hierdie boere nie kan gaan sonder finansiële ondersteuning nie: "Boere benodig megalasie, hulle benodig produksiefinansiering en hulle benodig insetversekering."



Boereontwikkeling word ten toon gestel en erkenning gegee

Provinsiale koördineerder by Graan SA, Danie van den Berg, het gesê dat alle boere nie beoordeel kan word op dieselfde vlak nie en dat elke boer 'n regverdige kans gegee behoort te word. "Die hoofdoel van hierdie program is om hulle te leer om dinge reg te doen en hulle te wys hoe dinge lyk as hulle nie korrek gedoen word nie. Die doel van die program is om hulle te help om hul drome te verwesenlik," het hy beweer.

Bennie de Klerk (Agent van Profert) het boere aangemoedig om van spesialiste gebruik te maak en vennootskappe met hulle te vorm. "Landbou is 'n baie mededingende besigheid en foute sal jou duur te staan kom. Daar is geen kortpaaie nie." Hy het ook gesê dat boere werk moet maak van hul bemarKing, want dit is die groot faktor wat veroorsaak dat boere geld verloor.

Israel Mothlabane (boer) het ook sy pad na die verbouing van meer as 1 500 ton verduidelik, terwyl verteenwoordigers van die borge, Ernst Janovsky (Hoof: Absa AgriBesigheid), MphiloDlamini (bestuurder: Korporatiewe sake: Syngenta), Magda du Toit (Korporatiewe Kommunikasiebestuurder: Monsanto) boodskappe van ondersteuning aan die boere oorgedra het.

En die wenners is...

Die kategoriewenners was soos volg:

Enoch Khumalo – Bestaansboer van die Jaar (boere wat op 10 hektaar eiendom of minder produseer)

Enoch het gewerk as 'n plaaswerker vir ongeveer 30 jaar, hoofsaaklik met skape en beeste. Hy boer nou in die Piet Retief

omgewing in Mpumalanga en het daarin geslaag 3 ha mielies te plant en verwag om meer as 6 ton/ha te oes.

Lungelwa Kama – Kleinboer van die Jaar (vanaf 10 hektaar tot 250 ton geproduseer)

Die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming het 'n plaas in die Oos-Kaap aan Lungelwa beskikbaar gestel en ook 'n paar implemente. Die plaas het slegs 35 ha bewerkbare grond, maar die Kamas het daarin geslaag om 'n bykomende 70 ha goeie landbougrond te huur. Hierdie jaar het Lungelwa 100 ha mielies geplant en in sommige areas is die verwagte opbrengs meer as 8 ton/ha.

Ralph Swart – Nuwe Era

Kommersiële Boer van die Jaar (verbouing van meer as 250 ton)

Ralph was die eerste en enigste finalis uit die Wes-Kaap en produseer koring (220 ha teen 3,2 ton/ha), gars (100 ha teen 3,5 ton/ha), hawer (40 ha teen 2,2 ton/ha), korog en rooibostee. Ralph se veekomponent bestaan uit 1 500 ooie en 140 Bonsmara koeie.

Klub kategorieë graduatings vir boere wat meer as 250 ton, 500 ton, 1 000 ton en 1 500 ton onderskeidelik produseer, is ook gehou en boere wat na die volgende kategorie beweeg, het elk 'n sertifikaat en 'n medalje ontvang.

Ons bedank ook graag vir Monsanto vir hul ondersteuning en bydrae tot boereontwikkeling.



JO Masombuka en TM Mbele was twee van die boere wat gegradeer het na die 500 Ton klub.



Foto 2: Die finaliste in die Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar kategorie was: Pieter Chabalala, Michael Ramoholi, Job Metswamere en Ralph Swart (vergesel van sy vrou, Preline).

Foto 3: Die Kleinboer van die Jaar finaliste was Thoko Matha, Gladys Zondo en Enoch Khumalo.

Foto 4: Die Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar wenner, Ralph Swart (middel) met sy vrou, Preline en Ernst Janovsky (Hoof: Absa AgriBesigheid).

Foto 5: Langa Simon Mbele, Lungelwa Kama, Willem Modukanele (hier vergesel van sy vrou, Maletzoku en Dwaalkraal Koöperasie (hier verteenwoordig deur Allman Mpomela en Michael Phamola) was die finaliste in die Kleinboer van die Jaar kategorie.

Foto 6: Sonneblom is in haar bloed! Annah Mutloane ontvang haar sertifikaat om aan te sluit by die 1 000 Ton klub.

Foto 7: William Matasane (regs) was die enigste boer wat gegradeer het na die 1 500 Ton klub. Hy het sy mentor, Israel Mothlabane na die verhoog laat kom om hom te bedank vir sy ondersteuning.

Foto 8: TD Mosai en KB Lesia ontvang hulle sertifikate en medaljes vir hulle graduering na die 250 Ton klub.

Artikel verskaf deur Elmarie Helberg,
SA Graan/Grain redaksionele span.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos
na elmarie@infoworks.biz.

Hantering van stres

Stres is 'n gevoel dat jy nie in staat is om sekere eise in jou lewe, of die innerlike eise wat jy vir jouself stel, te hanter nie.

Stres daag die individu se fisiese en geestelike hulpbronne en aanpassingsvermoëns uit, hoewel sommige vorme van stres die potensiaal het om meer skade aan te doen. Ons onderskei tussen positiewe en negatiewe vlakke van stres.

Hoewel dit onmoontlik is om alle stres van die daaglikse lewe uit te skakel, is dit moontlik om die uitwerking wat stres op die liggaam en die gees het, te beheer.

In die hedendaagse lewe kan bronne van stres wissel van iets gering soos 'n irriterende geluid, tot 'n groot lewensveranderende gebeurtenis soos die dood van 'n familielid. Om stresvlakke doeltreffend te bestuur in jou lewe, is dit belangrik om die bronne van stres in jou lewe en die invloed wat dit het, te identifiseer.

Omdat ons verskil van persoonlikheidseisen-skappe, lewenservaring en die manier waarop ons bronne van stres waarneem, sal ons verskil op die manier waarop ons liggeme en verstand op stres reageer.

Die volgende simptome kan tekens van stres wees:

Fisiese

Oormatige sweat, droë mond, spierspasmas, hoofpyn, maagsere, hoë bloeddruk, verminderde seksuele energie, konstante moegheid, verhoogde eetlus, oormatige urinering en spysvertering.

Intellektuele

Onvermoë om besluite te neem, swak konsentrasie, geheueverlies en negatiewe gedagtes.

Sosiale/emosionele

Swak verhoudings, lae produktiwiteit, hoë voorkoms van ongelukke, verhoogde afwesig-

heid, gebrek aan motivering, prikkelbaarheid, emosionele uitbarstings, ongeduld en aggressiewe gedrag.

Gesonde maniere om stres te hanter, sluit in:

- Gereelde fisiese oefening;
- Gereelde rus, wegbrek, tyd vir jouself;
- Genoeg slaap;
- Goeie eetgewoontes;
- Kry iemand om mee te praat;
- Maak tyd vir familie, vriende en stokperdjies;
- Sê nee (moenie jouself oorverbind nie); en
- Tydsbestuur (beplan en prioriseer beide jou persoonlike en werkslewe).

Bly weg van die volgende ongesonde maniere om stres te hanter:

- Om verantwoordelikhede te vermy;
- Hiper-aktiwiteit;
- Chroniese werksgewoontes soos om werk huis toe te bring, oormatige oortyd, om by die werk te bly eerder as om huis toe te gaan; en
- Die gebruik/misbruik van dwelms, medikasie en ander middels (byvoorbeeld alkohol, tabak, kafeïen) om stres te hanter.

Hoekom moet ons, ons stresvlakke doeltreffend bestuur?

'n Oorsaak-en-gevolgverhouding tussen stres en depressie. Indien jy voortdurend sukkel met stres, verhoog dit die potensiaal vir depressie. Aan die anderkant verlaag depressie die vermoë om die lewe te hanter en enige klein daagliks uitdaging kan buitengewone hoë vlakke van stres aktiever. Voortdurende stres kan dus lei tot mediese toestande soos depressie.

Depressie kan beskryf word as 'n algemene gevoel van hulpeeloosheid, hartseer en algehele gevoel van af-wees. Die lewe het sy op en af tye, dit is dus normaal om af of depressief te voel in die konteks van depressiewe

gebeure of omstandighede. Sommige mense raak egter erg depressief, selfs wanneer dinge blyk goed te gaan en hulle klein ontstellende situasies beleef.

Indien jy die simptome hieronder vir langer as 14 dae ervaar sonder enige oënskynlike rede (byvoorbeeld verlies van 'n geliefde, finansiële probleme, dwelmmisbruik, mediese probleme of enige ander ongeluk) moet jy professionele advies kry.

- Verlies aan belangstelling in gewone aktiwiteite;
- Swak konsentrasie;
- Besluiteeloosheid;
- Beheptheid met die dood;
- Gedagtes of dade van selfmoord;
- Skuldgevoelens;
- Toenemende rusteloosheid;
- Tranerigheid/huilbuie;
- Chroniese moegheid, gebrek aan energie;
- Sosiale onttrekking (geen belangstelling in vriende, familie, ensovoorts);
- Verhoogde of verlaagde eetlus;
- Versteurde slaap, (te veel of te min slaap);
- Verminderde seksuele energie;
- Gewigsverlies of gewigstoename;
- Probleme om op te staan in dieoggend; en
- Aanhoudende periodes van hartseer of gevoel van af-wees.

Dit is belangrik om daarop te let dat ten spyte van traumatische gebeure, die bovenoemde simptome nie vir meer as twee maande sonder aandag moet voortduur nie.

Indien jy dink dat jy aan stres of depressie ly, soek professionele hulp so gou as moontlik.

(Bronne: www.livestrong.com; Dr Helgo Schomer: Stresbestuur in die werkplek).

Artikel verskaf deur Petra Nel van PROCARE. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na petra@procare.co.za of kontak PROCARE by 0861 7762273 of 021 873 0532.

Hoe besluit ek watter gewas om te plant?

Hierdie jaar gaan ek mielies plant, nee, miskien moet ek liever bone plant, of miskien moet ek oorweeg om sonneblom te plant... Dit is NIE hoe jou besluit moet klink wanneer dit kom by jou besluit watter gewas om te plant nie.

Die besluit watter gewas om aan te plant, kan soms 'n paar jaar vooruit beplan word wanneer jy volgens 'n gestruktureerde wisselbouplan werk. Soos dit is, moet ons planne soms sommige jare verander na aanleiding van talle faktore soos die weer, peste en die mark.

Wanneer jy jou wisselbouplan oorweeg, is dit goed om 'n paar dinge te oorweeg:

- Plek;
- Klimaat
- Toegang tot die mark;
- Markaanvraag vir verskillende gewasse;
- Grondtipies; en
- Algemene siektes.

Baie gewasse kan net in sekere plekke onder sekere klimaatstoestande groei; daarom moet jy die aanplant van enige gewasse wat nie goed presteer in jou area nie, vermy.

Die volgende faktor om te oorweeg is toegang tot 'n mark. Dit sal 'n groot invloed op die winsgewendheid van die gewas hê, omdat vervoer 'n groot uitgawe is. Die meeste groot gewasproduserende gebiede van Suid-Afrika

het sentrale koöperatiewe punte waar jy maklik jou gewasse kan lewer wat hulle in groot silo's sal stoor tot hulle verkoop word. Bepaal watter gewasse die koöperasies kan hanteer; hierdie moet jou eerste opsies wees. Alternatiewelik, indien jy besluit om 'n gewas te plant wat jou koöperasie nie hanteer nie, sal dit jou eie verantwoordelikheid wees om 'n mark vir jou produk te vind.

'n Boer moet 'n uitstekende navorser wees, wanneer hy moet besluit watter gewas om te plant, moet hy soveel navorsing as moontlik doen op die vraag na produkte, verbruikerstendense, globale vraag, marktendense, oespryse en geprojekteerde gewaspryse. Al hierdie besluite speel 'n groot rol by die bepaling van watter gewas om te plant.

Op die plaas moet ons ook kyk na verskillende dinge soos tipes grond. Sekere gewasse verkiest sekere tipes grond, byvoorbeeld; mielies groei die beste in goed gedreineerde grond wat diep is en 'n rooi en bruin kleur het, terwyl sonneblom kan groei op 'n wye verskeidenheid grond en beter as mielies presteer op klei en sanderige grond.

Siektes is ook iets wat boere altyd moet dophou. Verskillende gewasse is meer vatbaar vir verskillende siektes. Indien dit opgemerk word dat daar sekere siektes voorkom, kan dit 'n goeie idee wees om 'n gewas te plant wat minder vatbaar is vir die siekte. Mielies kan vatbaar wees vir 'n aantal siektes soos Grysblaarvlek, roes en Diplodia kopvrot, om maar 'n paar te noem. 'n Gewas soos sjabone is egter baie gehard en bestand teen baie siektes.

Soms kon 'n boer sy wisselbou vooraf goed beplan het, maar dan ontstaan onvoorsiene omstandighede wat hom dwing om sy planne dienooreenkomsdig te verander. 'n Gebeurtenis soos 'n droogte vroeg in die seisoen wat verhoed dat 'n boer op die lande kom om te plant, kan hom dwing om 'n gewas te plant wat 'n korter groeityd het. Byvoorbeeld, indien 'n boer van plan was om mielies aan te plant, maar

die area se afsnydatum om mielies te plant is in Desember en hy het nog nie daarin geslaag om 'n pit in die grond te sit nie, sal hy moet kyk na 'n alternatiewe gewas om te plant. Dit kan ongerieflik wees, want gewoonlik moet verskillende chemikalieë en kunsmis bestel word. Moontlike alternatiewe sou wees droëbone of sonneblom, wat 'n baie vinniger groeisiklus as mielies het.

Indien 'n plaas vee het om te voer deur die winter, kan boere oorweeg om van hulle landbougrond te gebruik om kos vir die diere aan te plant. Daar is talle voergewasse wat in rotasie met kontantgewasse geplant kan word. Baie van hierdie gewasse kan selfs in die vroeë herfs geplant word na die kontantoes ingesamel is, terwyl daar nog genoeg vog in die grond vir 'n wintervoergewas is om te groei. 'n Voorbeeld hiervan is hawer wat steeds aansienlik kan groei in die vroeë winter en dus 'n waardevolle groenvoer is. Ander voergewasse wat geplant kan word, is Japanneese radyse, suikerbeet, raaigras en manna. Die aanplant van dekgewasse in die winter is ook 'n goeie praktyk, omdat dit bogrond bewaar en verhoed dat te veel korsvorming voorkom gedurende die sonnige droë wintermaande. Baie boere wat geen-bewerkingstelsels beoefen, sal die volgende seisoen direk in die stoppels van die voergewas plant.

Boerdery is 'n onderneming waar jy altyd op jou voete moet dink om vinnige besluite te maak waar nodig. Die natuur is 'n groot faktor by landbou en ons moet ons planne aanpas volgens dit wat die natuur ons elke seisoen gee. Die bepaling van watter gewas om elke seisoen te plant, is net een van hierdie besluite wat nodig mag wees om van tyd tot tyd te verander.

**Arikel verskaf deur Gavin Mathews,
Baccalaureus in Omgewingsbestuur.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos
na gavmat@gmail.com.**



Daar is baie faktore om in ag te neem wanneer jy beplan om 'n gewas te plant.

Koringproduksie faktore vir DESEMBER

Deseember is 'n belangrike maand vir beide droëland en besproeiingskoring boere. Oes van die Junie tot Julie droëland koring in die Vrystaat sal plaasvind in November tot Desember. Die besproeiingskoring in die Vrystaat en in die Noord-Kaap besproeiingskemas sal gedurende die vroeë tot middel Desember geoes word.

Wes-Kaapse boere sou gedurende Oktober geoes het en waarskynlik klaar hulle oes gelewer het teen November.

Die mark

Die belangrikste in die gedagtes van boere sal die heersende markprys, kwaliteit van die koring geoes en finale bemarking en verkoop van die gewas op hande wees.

Die Wes-Kaap is uit en uit die leier met aanplantings vir die 2014 produksiejaar in

Suid-Afrika, met 65% van die totale oppervlakte aangeplant van 476 570 hektaar. Hierdie toenemende tendens gaan voort met hierdie persentasie wat gestyg het van 36% van die Suid-Afrikaanse produksie wat in 2005 aangeplant is. Die algehele hektare onder koring aangeplant het afgeneem met 28 930 hektaar, met oor die 550 000 hektaar aangeplant tydens die 2013 produksietydperk.

Dit is interessant om daarop te let dat van die 69 500 hektaar wat in die Vrystaat aangeplant is, slegs sowat 38 500 hektaar droëland produksie oorgebly het. Die meeste hiervan kom in die Oos-Vrystaat voor.

Pryse en winsgewendheid

'n Paar boere sou weer eens self pryse op die termynmark verskans het, of deur middel van hul plaaslike koöperasies gewerk het en beter as die heersende lokopryster geskoof het. Termynkontrakte op Safex is R3 600 per ton vir broodkoring ge-

Die belangrikste in die gedagtes van boere sal die heersende markprys, kwaliteit van die koring geoes en finale bemarking en verkoop van die gewas op hande wees.

“

durende Oktober, R3 639 per ton vir Desember, R3 709 vir Maart 2015 en R3 744 vir Mei 2015. Met hierdie toekomstige markpryse is dit waarskynlik nie die moeite wêrd om jou oes te stoor nie, omdat die verhoogde waardes die hantering en stoorkostes oor die tydperk weerspieël.

Dit sal tot jou voordeel wees om die beste lokowaardes met 'n koper of jou koöperasie te onderhandel wanneer jy die oes lever.

Indien die verskillende vervoerverskille vir die Wes-Kaap en ander produksieareas in ag

Wes-Kaap koring gereed om te oes.

KORINGPRODUKSIE

geneem word, kan die netto waarde ontvang vir koring in die boer se sak, tussen R3 220 tot R3 510 wees. Die afstand van die plaas tot die Safex geregistreerde silo's het dus 'n groot invloed op die nettoprys ontvang deur boere.

Die vraag moet gevra word hoeveel droëland boere koring winsgewend kan produseer teen die heersende markpryse. Die beraamde Oos-Vrystaat droëlandoes kan tussen 1,5 tot 2 ton per hektaar wees, indien verdere reën in Oktober ontvang is.

Die produksiekoste vir besproeiingskoring sal ook verfyn moet word. Kom ons aanvaar 'n produksiegemiddeld van 6,5 ton en die baie veranderlike prys ontvang deur elke boer kan die inkomste per hektaar laat wissel van R20 930 tot R22 815. Besproeiingskoring boere moet ook die potensiaal vir winsgewendheid van die volgende oes krities evalueer, afhangende van hul gemiddelde opbrengs geïsoleer oor die afgelope seisoene.

Vervoerverskille

Vervoerpryse kan gesien word op die Safex webwerf. (Klik op Landbou "derivatives" en dan op "silo's" in die opsies wat aangedui word). Die verskille per ton word op een plek vir die Wes-Kaap en op 'n ander vir die res van die produksie areas aangedui.

Wees ten minste bewus van die verskille vir aflewering van jou plaas tot die naaste Safex geregistreerde silo, voordat jy die prys finaliseer

wat jy vir jou gewas ontvang. Maak seker dat jy die monsters getoets het vir gehalte voor aflewering, sodat jy 'n geleentheid het om die gewas skoon te maak of te sif, om sodoende die hoogste graad moontlik onder die omstandighede te bekom. Boere wat nie hul eie hantering en stooffasilitete het nie, moet 'n goeie verhouding met die plaaslike silo operateur hê. Die boer moet weet wat die finale graad vir sy koring op die punt van lewering sal wees, voordat die gewas uiteindelik skoongemaak word, gesif vir klein pitjies en ander vreemde materiaal en ingeneem word vir stoof.

Oes

Indien jy nog besig is met oes, neem gereeld vogtoetse sodat die oes op 14% of minder geoes kan word. Die goue reël vir koringproduksie is om onmiddellik te oes as die voginhoud op 'n aanvaarbare standaard is. Laat reën in die Oos-Vrystaat kan die oes van die gewas teen die optimum tyd belemmer.

Maak seker dat jy aandag gegee het aan die instandhouding van jou koringstroper indien jy nog nie begin oes het nie. Bevestig die reëlings met jou persoonlike stroperkontrakteur om te verseker dat sy stropers op jou plaas is so gou as jou oes op die regte vogvlak geoes moet word.

Dit is van kritieke belang om die opbrengs vir die huidige oes te maksimaliseer met inagneming van die relatief lae prys wat in die mark heers.

Dit sal tot jou voordeel wees om die beste lokopyrse met 'n koper of jou koöperasie te beding wanneer jy jou gewas lewer.

Beplanning vir die volgende seisoen

Wanneer die huidige gewas geoes is, sal die realisering van die opbrengs en die prys ontvang, jou in staat stel om as droëland, of besproeiingskoring boer te besluit of koringproduksie in jou produksiebeplanning vir die volgende seisoen sal inpas of nie.

Droëland boere wat koringproduksie wil staak, moet oorweeg om 'n laat "vangoes" van sonneblom te plant, of die koringlande in te bring in die voervloeibeplassing vir die veekomponent. Die lande kan dan gedurende die volgende produksiesiklus met somergewasse aangeplant word. Teen die huidige relatief lae markpryse vir mielies en ander gewasse, moet 'n akkurate evaluering van die opbrengspotensiaal van die grond op die plaas en gedetailleerde brutomarge beplanning gedoen word. Die besluit om voort te gaan met koringproduksie, of 'n verandering aan die optimum gewasse vir jou plaas te maak, kan dan logies en rasioneel gemaak word.

Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.

Praktiese aspekte van verbale kommunikasie by die gebruik van 'n selfoon

In ons reeks artikels oor bestuur, het ons gepraat oor die bestuur van die verskillende aspekte van 'n boerdery. Om jou geheue te verfris, onthou die besigheid van boerdery is om produkte wat mense nodig het te produseer teen 'n wins deur die kombinasie en die omskakeling van die vier produksiefaktore, naamlik grond, kapitaal, arbeid en bestuur in bruikbare produktes soos voedsel en/of vesel.

Die eerste vertrekpunt van alle artikels was dat wins oor tyd volgehou moet word. Wins is: Wins/verlies = Inkomste - Uitgawes.

Tweedens, in terme van 'n besigheid, beïnvloed almal wat betrokke is by die besigheid, of dit nou die eienaars, bestuurders of werknemers, deur dit wat hulle doen, of nie doen wat hulle moet doen nie, die wins van die besigheid.

Derdens sal die uitbeelding van 'n positiewe beeld (onder andere mense, of ander besighede wat graag sake met jou doen) tot die voordeel van jou besigheid wees.

Daar is baie min vaardighede wat so belangrik is vir 'n bestuurder as die vermoë om mondelings baie goed te kommunikeer om 'n positiewe beeld van 'n besigheid uit te beeld. Ten minste 80% van 'n bestuurder se werkture word bestee aan verbale kommunikasie.

In die elektroniese era is baie van ons verbale kommunikasie per telefoon – selfoon of andersins. Dit is egter nodig om jou oproepe te bestuur, omdat onnodige gebruik van 'n selfoon 'n negatiewe invloed op die wins van jou besigheid kan uitoefen. Nie baie per oproep nie, maar oor 'n jaar kan dit 'n aansienlike bedrag wees. Die manier waarop jy per telefoon kommunikeer, dra 'n beeld van jouself uit wat positief of negatief kan wees en sal 'n uitwerking op jou besigheid hê.

Elke oproep, of dit inkomend en uitgaande is, is vir jou 'n geleentheid om 'n positiewe beeld uit te dra. Jou doel moet wees om elke oproep as 'n unieke ervaring te hanteer.

Om 'n positiewe beeld uit te dra wanneer 'n selfoon beantwoord word:

- Antwoord altyd voor op die meeste vyf luitone, verkiesslik binne drie, vra omverskoning indien jy langer geneem het om te antwoord.
- Antwoord eksterne oproepe professioneel en gebruik veral nie "hallo" nie – in terme van 'n besigheidsoproep is dit baie onprofessioneel en slordig.
- Glimlag voordat jy die telefoon optel. Mense kan jou "hoor" glimlag oor 'n telefoon.
- Vind uit wat die oproeper se naam is en gebruik dit tydens die gesprek.



- Praat direk in die gehoorstuk.
- Gebruik jou stem om belangstelling en entoesiasme te bewys.
- Moenie te sag of te hard praat nie en praat stadig en duidelik, dit sal die tyd spaar om nie inligting te herhaal nie.
- Luister aandagtig na die oproeper en erken dat jy luister.
- Los al die ander dinge waarmee jy besig is wanneer jy die telefoon antwoord en konsentreer op die oproep.

Die volgende dra 'n negatiewe beeld uit:

- Indien die oproep as 'n onderbreking beskou word en jy gespanne of ongeduldig voorkom.
- Onderbreking van die oproeper.
- Indien jy praat met iets in jou mond – iets kou of rook.
- Die gebruik van slordige of beleidigende taal.
- Gesprekke met 'n derde party terwyl jy die telefoon antwoord.
- Beloftes maak en hulle nie hou nie – "Ek sal terugbel. Ek sal u môre voorsien van die inligting."

DINK HIEROR: Oor die algemeen antwoord jy nie 'n oproep of maak 'n oproep in die openbaar naby ander mense nie, of hou ten minste die oproep baie kort wanneer jy dit wel moet doen.

Dit is onbedagsaam teenoor die privaathed van ander mense.


Om 'n positiewe beeld uit te dra wanneer 'n oproep gemaak word – bestuur die oproep deur dit behoorlik te beplan. Dit sal jou tyd spaar en daarom ook koste.

1. Weet jy **presies** wat jy wil kommunikeer? Maak 'n lys.
2. Watter **ander interpretations** kan jou boodskap uitdra? Kan jy misverstaan word – en indien wel, hoe kan jy dit verhoed?
3. Is jou **boodskap volledig, korrek en gepas** vir die situasie?
4. Watter **gebrek aan kommunikasie** kan opduik? Vermy lawaaierige plekke soos 'n werkwinkel, dit kan veroorsaak dat jy die boodskap herhaal of verkeerd verstaan word, wat jou tyd en geld sal kos.

Gebruik dus 'n telefoon tot jou voordeel – eerste indrukke is blywend en wanneer dit positief is, kan dit jou besigheid tot voordeel wees.

*Artikel verskaf deur Marius Greyling,
Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na mariusg@mcaacc.co.za.*

Ontdek grondbedekking



Oesreste wat na stroop agtergelaat is.



Goeie grondbedekking.

Die belangrikheid van bedekking op produksiegrond moet hoë prioriteit geniet, indien nie die hoogste prioriteit wees vir enige graan en/of veeboer nie. Dit maak nie saak hoe groot of klein die plaas is nie, daar mag geen ontblote grond enige tyd gedurende die jaar wees nie.

Grond moet altyd bedek word deur groeiende plante en/of hul reste en die grond moet skaars sigbaar

wees van bo. Dit is waar vir enige type grondgebruik (gewaslande, weiding, hooimaak lande en veld). Net soos jou vel beskerm word deur 'n buitenste laag of epidermis, teen die skadelike strale van die son en ander elemente, so moet ons grond 'n beskermingslaag hê. Hierdie beskermingslaag is soos voorheen genoem, óf groeiende plante, óf reste na oes.

Grondbedekking beskerm die grond teen die val van reëndruppels, sowel as die voorkoming van

vogverlies deur verdamping uit die grond. Wanneer 'n reëndruppel die grondoppervlak tref sonder dat daar 'n bedekking is, veroorsaak dit dat die klein gronddeeltjies in suspensie met die water gaan en dit veroorsaak erosie en verdigting van die grond. Aan die ander kant, indien die reëndruppel die grondbedekking tref, breek dit op in kleiner druppels wat stadig van die bedekking afloop na die grondoppervlak sonder dat dit enige negatiewe uitwerking op die grond het. 'n Deklaag oesreste op die grondoppervlak onderdruk onkruid vroeg in die seisoen, wat die gewas 'n voordeel gee en die boer geld spaar, aangesien hy/sy nie nodig het om so gereeld te spuit vir onkruid nie. Dit hou ook die grond koel en klam, wat 'n gunstige habitat vir baie organismes wat reste begin ontbind deur dit in kleiner stukkies op te breek, skep. In die winter is die grond wat bedek is, warmer as onbedekte grond.

Grond is 'n lewende organisme en nie net 'n medium wat plante staande hou nie. Die organismes wissel van erdwurms tot enkel sel organismes, wat saam die grondvoedsel web vorm. Grondorganismes voed eerstens op suiker van lewende plantwortels. Volgende voed hulle op dooie plantmateriaal, gevolg deur reste op die grondoppervlak. Indien nie een van die bogenoemde beskikbaar is nie, sal hulle voed op die humus (afgebreekte organiese materiaal) in die grond. Ons moet probeer en seker maak dat daar genoeg kos vir die organismes beskikbaar is, sodat hulle nie op die humus hoof te voed nie. Indien ons genoeg maklik toeganklike kos aan die grondmikrobes voorsien, help hulle om voedingstowwe te sirkuleer wat plante nodig het om te groei.

Dit is dus belangrik om seker te maak dat ons nie ons reste verkoop aan die boer langsaan nie, omdat ons die grondmikrobes verhonger en dit die grond kwesbaar laat vir die elemente. Onthou vir elke 1% toename in die koolstofinhoud van jou grond, word die waterhouvermoë verdubbel en die koolstof kan slegs deur die baie organismes en plantmateriaal in en op die boonste laag van jou grond verhoog word.

Ontdek dus grondbedekking en maak seker dat jy voordeel trek uit verbeterde grondgesondheid en op sy beurt, gesonder gewasse. ☺

**Artikel verskaf deur Dr Johann Strauss,
Direktoraat Plantwetenskappe, Elsenburg,
Wes-Kaap Departement van Landbou.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na
JohannSt@elsenburg.com.**

Graan SA voer 'n onderhoud met... Samuel Moloi

Vir hierdie uitgawe van Pula Imvula het Johan Kriel, ons Vrystaatse Ontwikkelingskoördineerder vir Samuel Moloi, wat in die Fourniesburgdistrik in die Vrystaat boer, ondervra. Samuel is nie net 'n suksesvolle kommersiële boer nie, maar is 'n inspirasie vir baie boere en word gemotiveer deur sy liefde vir die grond en boerdery.

Waar en op hoeveel hektaar boer jy?

Waarmee boer jy?

Ek boer in die Fourniesburgdistrik. Ek huur 175 ha hoë potensiaal Hutton grond van die Mashaeng Munisipaliteit. Ek plant mielies, sojabone en per geleentheid koring. Ek plant ook suikerbone. As alles goed gaan hierdie jaar, sal ek in staat wees om 525 hektaar meer te huur van 'n kommersiële boer in die distrik.

Wat motiveer/inspireer jou?

Ek word geïnspireer deur rye en rye skoon, groen, netjiese gewasse. My liefde vir die grond en boerdery motiveer my. Om in staat te wees om voedsel te produseer, werk aan die werkloses te verskaf en geld te maak, gee my die moed om 'n boer te wees.

Beskryf jou sterk- en swakpunte

Ek is 'n harde werker. Ek het baie deursettingsvermoë. Ek het die kennis en kan planne maak.

Ek is nie 'n baie geduldige man nie en het soms 'n kort humeur. Ek is 'n lojale man en mense het my in die verlede seergemaak as gevolg van my sagte hart.

Wat was jou opbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

Toekomstige begin boer het, het ek net 2 ton/ha mielies en 1 ton/ha koring geoe. Ek oes nou 6 ton/ha, 2 ton/ha tot 9 ton/ha mielies en 4,5 ton/ha koring.

Wat dink jy was die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

Opleiding, opleiding, opleiding. Deur die bywoning van Studiegroepvergaderings, opleidingskursusse en boeredae aangebied deur Graan SA, het ek kennis oor grond, kunsmis, bewerkingsmetodes, wisselbou en hoe om my finansies te bestuur, opgedoen. Die mentor-skaprogram, plaasbesoek en ondersteuning wat ek ontvang het, maak my trots.

Watter opleiding het jy tot op datum ontvang en watter opleiding sal jy graag nog wil doen?

Ek het 'n baie kursusse gedoen: Inleiding tot mielies, koring, sojabone, Trekker en Implementonderhoud, Enjinherstel, Gevorderde Mielies, Plaashulpbronassessering en nog vele

meer. Ek wil graag meer opleiding in Geenbewerking, Arbeidsverhoudinge en Boekhou doen.

Waar sien jy jouself oor vyf jaar?

Wat sal jy graag wil bereik?

Oor vyf jaar wil ek graag 'n plaaseienaar wees. Op die oomblik huur ek al die grond waarop ek boer. Ek wil graag my eie plek hê waar ek kan werk en my kop neerlê in die nag, met die wete dat dit myne is. Ek wil 'n suksesvolle, onafhanklike boer wees.

Watter raad het jy vir jong aspirantboere?

- Kry eers die kennis, teoreties en prakties. Wees geduldig, moenie haastig wees nie, neem jou tyd, maar doen alles reg.
- Maak seker dat jy 'n sterk ondersteuningsbasis het. Moenie te trots wees om te vra vir hulp en advies nie en luister daarna. Daar is mense wat beter weet.
- Leef naby aan jou skepper, bid en moenie vergeet om dankie te sê nie. ☺

**Artikel verskaf deur Johan Kriel,
Ontwikkelingskoördineerder van die
Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos
na johan@grainsa.co.za.**



Round-up as onkruiddoder bied voordele

Roundup se aktiewe bestanddeel (glifosaat) is 'n nie- selektiewe onkruiddoder wat die meeste breenblaaronkruide en grasse beheer.

Eerstens is dit belangrik dat boere die tegnologie en werking van die onkruiddoder moet verstaan om optimum voordeel van die gebruik van Roundup te kry.

Dit is belangrik om te verstaan dat Roundup net op sekere mielie- en sojaboont kultivars wat die Roundup Ready-geen bevat gebruik kan word. Gewone mielie en sojaboont kultivars wat nie die geen bevat nie sal gevoglik doodgespuit word met glifosaat.

Dit is belangrik dat die boer moet weet, dat hy hulp en raad kan kry by sy plaaslike chemiese verteenwoordiger en dat dit hom baie skade en geld kan spaar, want om te vra is vry.

Onkruidbeheerprogram

In Suid-Afrika word mielies in verskillende gebiede verbou. Hierdie gebiede verskil in klimaat, grondtipes, reënval en ander faktore. Plantdigtheid, onkruiddigtheid en onkruide verskil ook van plaas tot plaas. Daarom is dit baie moeilik om een onkruidbeheerprogram voor te skryf vir al die verskillende areas waar mielies verbou word. In die Oostelike gebiede waar plantdigtheid hoër is en onkruiddigtheid hoër is aan die begin van die seisoen verskil dit heeltemal van die Westelike gebiede van die land waar plantdigtheid laer is en waar probleemonkruide eers later ontkiem. Omdat daar so baie veranderlikes is, moet daar van ander onkruiddoders ook gebruik gemaak word om saam met glifosaat tydens plant, en na opkoms beter beheer te verkry.

In sekere omstandighede sal een aanwending van Roundup genoeg wees terwyl in 'n nat jaar meer as een aanwending nodig mag wees. Wat egter belangrik is, is dat onkruid beheer moet word voor die onkruid 10 cm oorskry. Moenie te lank wag voor jou eerste bespuiting nie.

Roundup moet met skoon water aangemaak word omdat glifosaat met gronddeeltjies reageer in vuil modderwater wat dit onaktief maak. As daar nie skoon water beskikbaar is



Raiigras op 'n mielieland.



Kalibrering van die sproeier.



Goeie onkruidbeheer.



Onthou om die etikette sorgvuldig te lees.

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinsstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
► 08600 47246 ◀
► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFRDAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Danie van den Berg
Vrystaat (Bloemfontein)
► 071 675 5497 ◀ danie@grainsa.co.za

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthombothi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlanhla Sithole

Naas Gouws
Mpumalanga (Belfast)
► 072 736 7219 ◀ naas@grainsa.co.za

Jurie Mentz
KwaZulu-Natal (Vryheid)
► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 980 1455 ◀ Sydwell Nkosi

Ian Househam
Oos-Kaap (Kokstad)
► 078 791 1004 ◀ ian@grainsa.co.za
► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

Lawrence Luthango
Oos-Kaap (Mthatha)
► 076 674 0915 ◀ lawrence@grainsa.co.za
► Kantoor: 047 531 0619 ◀ Cwayita Mpotyi

Liana Stroebel
Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8057 ◀ Melercia Kotze

Du Toit van der Westhuizen
Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ◀ dutoit@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

Vusi Ngesi
Eastern Cape (Maclear)
► 079 034 4843 ◀ vusi@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8070 ◀ Sally Constable

Round-up as onkruiddoder bied voordele

nie kan 'n fyn doek gebruik word om die water te filtreer voordat dit gebruik word.

Weerstandigheid

Boere kan nie net meer glifosaat alleen gebruik nie maar dit is belangrik om ander onkruiddoders saam te gebruik om onkruid weerstand te vermy. Enige land kan enkele plante hê wat weerstand kan opbou teen glifosaat en ander onkruiddoders. Hierdie weerstandbiedende plante kan later 'n land oorheers indien daar nie by voorskrifte op etikette gehou word nie of as boere nie die korrekte sterkte glifosaat gebruik nie. Deur aanbevelings te verontgaas van minder as die aanbevole dosis te gebruik sal veroorsaak dat onkruide weerstand opbou.

Indien te hoe dosis gebruik word, word seleksiedruk toegepas en plante wat oorleef plant voort en vermeerder.

Onthou, die mees moeilik beheerbare onkruid bepaal die dosis.

In lande waar kweek 'n probleem is, kan glifosaat voor plant teen 6 liter/ha gespuit word in die begin van die seisoen as kweek aktief begin groei. Boere kan ook teen kweek waar Round-up Ready mielies gebruik word, selfs drie keer spuit maar moet dan nie die aanbevole dosis van 1,7 liter/bespuiting oorskry nie.

Substandaard produkte

Deesdae word daar deur baie verskillende maatskappye glifosaat vervaardig en nie met die regte gehalte of hoeveelheid aktiewe bestanddeel in hulle produk nie. Daar bestaan

ook onder boere onduidelikhede oor die gebruik van glifosaat.

- Roundup 360 g/liter – 6 ure tot reëervas. (Nie aanbeveel vir mielies en sojabone nie).
- Roundup Turbo 450 g/liter – 2 ure tot reëervas. (Aanbeveel vir mielies en sojabone).
- Roundup Powermax 540 g/liter – 1 uur tot reëervas. (Aanbeveel vir mielies en sojabone teen 1,7 liter/ha).

Alhoewel Roundup 360 nie vir mielies en sojabone aanbeveel word nie, word dit wel gebruik maar dan moet die volgende formule gebruik word:

- 1,7 liter x 540 g/liter = 2,55 liter/ha
360 g/liter

Indien Roundup 450 g/liter gebruik word:

- 1,7 liter x 540 g/liter = 2,04 liter/ha
450 g/liter

Kennis moet ook geneem word dat na die 8-blaar stadium by mielies glifosaat op die basis van die plant gespuit moet word en nie op die rye nie, aangesien dit skade kan veroorsaak.

It is belangrik dat die boer moet weet, dat hy hulp en raad kan kry by sy plaaslike chemiese verteenwoordiger en dat dit hom baie skade en geld kan spaar, want om te vra is vry.

**Artikel verskaf deur Jurie Mentz,
Ontwikkelingskoördineerde van die
Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na
jurie@grainsa.co.za.**



Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

*"The future depends on what we do
in the present."*

~ Mahatma Ghandi